

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

***KIMBERLEY
SAAK NO.: 1166/02
DATUM: 21-05-2004***

In die saak tussen:

KALAHARI OOS WATERRAAD

EISER

teen

J H BOOYSEN

VERWEERDER

CORAM: C.C WILLIAMS R:

UITSpraak

WILLIAMS R:

In hierdie aangeleentheid dagvaar die Eiser die Verweerder, die eienaar van die plaas Meidekop, eerstens vir waterbelasting gehef ingevolge die bepalings van artikel 120(1) van die Waterwet, 54 van 1956 (*“die Wet”*) vir die periode 1 Januarie 1998 tot 31 Desember 1999 in die bedrag van R30 346,95 plus rente en tweedens vir

vorderings teen die Verweerder gehef in terme van artikel 116 van die Wet vir water gelewer aan die Verweerder op die plaas Meidekop in die bedrag van R5064,67 plus rente daarop soos vasgestel in artikel 119(2) van die Wet, vir dieselfde termyn.

Vanwee die ingewikkelde aard van die geskille tussen die partye is daar by ooreenkoms besluit dat die aangeleentheid vanaf die Landdroshof te Upington oorgeplaas word na hierdie hof vir beregting.

Die Eiser in hierdie aangeleentheid, die Kalahari-Oos Waterraad, is kragtens die Wet by Goewermentskennisgewing 2233 van 4 November 1988 ingestel vir die voorsiening van water aan die oostelike gedeelte van die Kalahari.

Die Kalahari-Oos gebied het 'n waterbehoefte ondervind en die Eiser is spesifiek gestig om 'n watervoorsieningskema ("*die skema*") te bou en bedryf. Die Vaal Gamagara Staatswaterskema voorsien die water aan Eiser wat dan deur middel van 'n pypverspreidingsstelsel insluitend pompstasies en reservoirs water verskaf aan verbruikers vir veesuipdoeleindes en huishoudelike gebruik.

Twee derdes van die aanvanklike aanboukoste van die skema is gesubsidieer deur die Staat en die resant is gefinansier met behulp van 'n Staatsgewaarborgde lening.

Met die totstandkoming van die Eiser het die plaaseienaars wat belang gestel het om met water bedien te word vannuit die beoogde

waterskema ooreenkomste geteken met die Eiser om ingesluit te word in hierdie skema.

Een van hierdie plaaseienaars wat so 'n ooreenkoms met die Eiser onderteken het is ene mnr. Slabber, die gewese eienaar van die plaas Meidekop. Die Verweerder het hierdie plaas vanaf Slabber gekoop.

Ingevolge die ooreenkoms wat Mnr. Slabber met die Eiser onderteken het het die eienaar van die grond himself verbind om water te ontvang van die Eiser ingevolge die bepalings van die wet, asook ingevolge die Watervoorsieningsverordeninge wat by die ooreenkoms aangeheg was.

Die plaas Meidekop verskyn ook in Goewermentskennisgewing 2233 van 4 November 1988 as deel te vorm van die gebied waarvoor die Eiser ingestel is.

Slabber het die plaas Meidekop aan die Verweerder verkoop gedurende Maart 1998. Dit blyk asof die Verweerder nooit water vannuit die skema gebruik het nie en ook nie aansoek gedoen het of 'n ooreenkoms aangegaan het met die Eiser dat water uit die skema aan hom gelewer word nie. Intendeel het Verweerder op 11 Februarie 1998 'n versoek gerig aan die Eiser dat hy ontlys word van die skema aangesien hy nie 'n behoefte daarvoor gehad het nie. Aan

hierdie versoek is nie voldoen nie en gevolglik het die Verweerder geweier om waterbelasting of watervorderings aan die Eiser te betaal.

Die vraag nou is of die Verweerder aanspreeklik is vir die betaling van die waterbelasting en vorderings of andersom of die Eiser geregtig is om dit teen die Verweerder te hef en te verhaal.

Mnr. Petrus Nel wat van die begin betrokke was met die ondersoek na die goedkeuring en bou van die skema en tans sekretaris is van die Eiser het namens Eiser getuig. Volgens Mnr. Nel het die Eiser nog voor sy totstandkoming ooreenkomste of, verbintenisse, soos hy dit noem, met die plaaseienaars aangegaan wat belangstel het in die voorgenome skema. Op hierdie manier kon die Eiser dus bepaal of daar genoeg belangstelling was om die skema te regverdig. Mnr. Slabber, Verweerder se voorganger is een van die plaaseienaars wat op hierdie wyse homself verbind het tot die skema. Nie al die plaaseienaars in die Kalahari-Oos gebied het belanggestel in die skema nie en is hulle toe ook nie ingeskakel in die skema nie. Plaaseienaars wat agterna ingesluit wou word by die skema moes daarvoor aansoek doen en was daar nie weer ooreenkomste geteken met hulle soos met die aanvanklike belangstellendes nie.

Dit is slegs die plase wat op bogenoemde wyse ingeskakel het by die skema waarteen belasting en vorderings gehef word. Die plase in die

area waaraan daar nie water voorsien word nie betaal geen gelde aan die Eiser nie. Daar is tans 283 plase in die Eiser se gebied wat voorsien word van water deur die skema.

Die enigste bron van inkomste wat die Eiser het is die gelde wat ontvang word van die verbruikers.

Mnr. Nel erken dat die Verweerder 'n skriftelike versoek gerig het aan die Eiser dat hy ontlys word van die skema. Na ontvangs van die versoek is 'n regsopinie deur die Eiser ingewin vanaf Advokaat Lacock SC, soos hy toe was. Die kern van die regsopinie lees soos volg;

“Opvolgers in titel van voormelde verbruikers sal egter by onstentenis van 'n ooreenkoms om aldus gebonde te wees, nie ingevolge die ooreenkoms gesluit met sy voorganger teenoor die konsultant gebonde wees ten aansien van heffings en/of geld vir verbruik van water soos waarvoor in die ooreenkomste voorsiening gemaak is nie. Die aanvanklike ooreenkoms verleen slegs 'n persoonlike reg aan die konsultant tenoor die ander party . . .

Bygevolg meen ek nie dat 'n opvolger in titel van 'n persoon met wie die Raad 'n ooreenkoms gesluit het, kontraktueel teenoor die Raad daarkragtens aanspreeklik is nie.”

Hierdie regsopinie is toe deur die Eiser na die Departement Waterwerke en Bosbou gestuur. Die Departement se regsafdeling het toe ook 'n opinie geskryf oor die bevoegdhede van die Eiser en tot die slotsom gekom dat artikel 120 van die Wet van toepassing is, dat die waterbelasting aan die eiendom kleef en nie aan die eienaar nie en dat die eienaar van eiendom dus verplig sal wees om waterbelasting of 'n vasgestelde heffing aan die waterraad te betaal al sou so 'n eienaar nie 'n skriftelike kontrak met Eiser hê nie.

Hierdie laaste regsmening is dan ook die houding wat die Eiser in hierdie saak inneem.

Dit is nie in geskil dat alhoewel die Wet in sy geheel herroep is deur die Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998, dat in terme van artikel 98(3) van die Nasionale Waterwet 36 van 1998 bly die naam, bedryfsgebied bestuur, eiendom, regte, aanspreeklikhede, verpligtinge, bevoegdhede en pligte van die Eiser dieselfde as onmiddelik voor die inwerkingtreding van die Nasionale Waterwet 36 van 1998 totdat 'n waterverbruikersvereniging gestig word.

Die bevoegdhede en verpligtinge van die Eiser word dus steeds bepaal deur die Wet.

Die relevante gedeelte van artikel 120 van die Wet bepaal as volg:

*“120. **Waterbelasting**-(1) Ter bestryding van enige uitgawes wat ingevolge hierdie Hoofstuk of die kragtens artikel 138 uitgevaardigde regulasies deur hom aangegaan is of sal word, kan 'n waterraad met die goedkeuring van die Minister jaarliks ooreenkomstig regulasies deur die Minister in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde waterraad uitgevaardig, 'n belasting, genoem 'n waterbelasting, op enige grond binne sy gebied hef en invorder.*

(2)'n Belasting kragtens sub-artikel (1) gehef, moet op die by regulasie voorgeskrewe tye deur die aldus voorgeskrewe persone betaal word.”

Artikel 110 van die Wet spel die werksaamhede, bevoegdhede en pligte van 'n waterraad uit. Ingevolge artikel 110(1)j) is 'n waterraad bevoeg om;

“om behoudens die bepalings hieronder met betrekking tot pryse gemaak, vir water wat voorsien word vorderings te hef en te verhaal.”

Mnr Verster wat namens die Eiser verskyn betoog dat die Eiser ingevolge die bepalings van artikels 120(1), gelees met die bepalings van artikel 110(1)) bevoegd is om waterbelasting te hef op die grond waarvan die Verweerder die geregistreerde eienaar is.

Dat artikel 120 ‘n belasting daarstel wat kleef aan die grond word nie betwis deur Mnr. Van Staden wat namens die Verweerder optree nie. As ek hom reg verstaan is die Verweerder se standpunt eerder dat die Eiser nie die grond belas het in terme van artikel 120 nie maar belastings hef in terme van die ooreenkomste wat die Eiser aangegaan het met die eienaars sowel as die verordeninge wat daarin geïnkorporeer is. Hierdie feit, so betoog Mnr. Van Staden blyk duidelik uit die regsopinie van Advokaat Lacock SC. Indien die belasting gehef is in terme van artikel 120 van die Wet sou dit nie nodig gewees het vir Eiser om ‘n regsopinie te kry aangaande sy bevoegdhede met betrekking tot opvolgers in titel nie, aangesien die Eiser in terme van artikel 120 belasting mag hef op enige grond in sy gebied. Dit blyk ook uit die advokaat se opinie dat hy nie instruksies gehad het dat artikel 120 tersake was nie.

Artikel 120(1) bepaal dan ook dat ‘n waterraad belasting kan hef ten opsigte van enige grond binne sy gebied met goedkeuring van die

Minister jaarliks ooreenkomstig regulasies deur die Minister in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde waterraad uitgevaardig.

Verder maak artikel 120(2) voorsiening daarvoor dat die belasting in artikel 120(1) by regulasie voorgeskrewe tye deur die aldus voorgeskrewe persone betaal word.

Mnr. Van Staden betoog dat daar glad nie regulasies afgekondig is ten opsigte van artikel 120(1) wat betrekking het op die Eiser nie. In regulasies wat op 28 April 1967 afgekondig is ingevolge artikel 138 van die Wet bepaal die Minister onder andere:

“'n Raad kan, onderworpe aan die bepalings van subartikels (3), (4) en (5) van artikel honderd-en twintig van die Wet, jaarliks op grond in sy gebied waterbelastings hef en invorder. Tensy die Minister se goedkeuring verkry word, mag sodanige belastings ten opsigte van ander verbruikers as bona fide-boere nie R2 per morg per jaar oorskry nie, of R2 per morg besproeibare grond alleenlik in die geval van sodanige boere: Met dien verstande dat 'n raad nie sodanige belastings mag hef ten aansien van grond wat die raad nie van water kan voorsien nie of nie binne redelike tyd van water sal kan voorsien nie.”

Die betoog is dat hierdie bogenomde regulasies nie van toepassing op die Eiser is nie aangesien die Kalahari-Oos skema geen besproeibare grond het nie, soos deur Mnr. Nel getuig is, en hierdie regulasies slegs slaan op besproeibare grond. Die doel van die stigting van die skema deur die Eiser was in elk geval vir die voorsiening van water vir veesuip en huishoudelike doeleindes.

So ook identifiseer die betrokke regulasies nie die *“aldus voorgeskrewe persone”* soos gestel in artikel 120(2) nie. Al wat die

regulasies sê is dat die belastingsaanslag aan die *“betrokke persone”* gepos of afgelewer moet word. Omdat die betrokke persone nie omskryf word nie, argumenteer Mnr. Van Staden kan die Eiser ook nie belastings ingevolge artikel 120 hef nie. Alternatief hiertoe is die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word dat die verbruikers van water die belastingspligtiges vorm.

Mnr. Verster is van mening dat die regulasies wel van toepassing is op die Eiser en dat daar nie te veel gemaak moet word van die feit dat die regulasies melding maak slegs van besproeibare grond nie.

Ek is nie oortuig dat hierdie bepaling in die regulasies so ligtelik weggedink kan word nie. Hierin lê die kruks van die saak. Indien die Eiser waterbelasting wil hef in terme van artikel 120(1) van die Wet moet daar aan die bepalings van die artikel voldoen word en die onus rus op die Eiser om dit te bewys.

Die regsbeampte van die Departement Waterwese en Bosbou in sy regsopinie aan die Eiser, meld dat daar wel regulasies bestaan wat deur die Minister goedgekeur is, maar verwys nie spesifiek na die regulasies nie. Die Eiser self het geen ander regulasies voorgelê behalwe die van 28 April 1967 hierbo na verwys. Hierdie regulasies is ooglopend slegs van toepassing op besproeibare grond en nie die gebied van die Eiser nie.

Hiermee vergeleke is dit insiggewend dat daar ten opsigte van die Kalahari-Wes waterraad spesifieke regulasies afgekondig is in terme van artikel 120 op 14 Junie 1985.

Die feit dat die belastings gehef is blykbaar met die goedkeuring van

die Departement Waterwese en Bosbou verander geensins die situasie nie.

Die bepalings van artikel 120(1) ten opsigte van regulasies wat deur die Minister afgekondig moet word is voorskriftelik van aard en enige optrede van die Eiser buite sy bevoegdhede is *ultra vires*. In Steyn, Uitleg van Wette, 5de uitgawe word die volgende gestel.

“Die bevoegdheid om gelde of belastings op te lê word dan ook in die algemeen nie aangeneem nie, behalwe waar dit duidelik blyk dat dit die bedoeling van die Wetgewer was om daardie bevoegdheid te verleen.”

Ek is nie tevrede dat die Eiser geslaag het daarin om te bewys dat dit bevoegd is om belastings te hef in terme van artikel 120(1) nie. Die enigste wyse waarop die Eiser belastings kan hef en vorder is dus kontraktueel en is daar geen aanspreeklikheid ten opsigte hiervan op die Verweerder nie.

Wat die eis vir vordering gehef betref is artikel 116 van die Wet tersaaklik. Hierdie artikel magtig vorderings deur ‘n waterraad gehef vir die voorsiening van water aan verbruikers. In artikel 107 word “*verbruiker*” omskryf as “*n persoon aan wie water voorsien word of wat geregtig is om van water voorsien te word deur ‘n waterraad of ‘n plaaslike bestuur.*”

Die Verweerder is duidelik nie ‘n verbruiker soos bedoel in artikel 107 nie. Daar is geen ooreenkoms tussen Verweerder en Eiser vir die verskaffing van water nie en op Mnr. Nel se getuienis is dit duidelik dat die Verweerder nie gebruik maak van die skema se water nie.

Hierdie eis kan na my mening dus ook nie slaag nie.

Aangesien die partye ooreengekom het dat die saak na hierdie hof oorgeplaas word is dit dan nou ook net billik dat kostes in hierdie aangeleentheid op die Hooggeregshofskaal betaal word.

In die omstandghede word die volgende bevel gemaak.

- a) Die Eiser se eis word van die hand gewys met koste op die Hooggeregshofskaal.

**C.C WILLIAMS
REGTER**

Nms. Eiser : Adv. Jan P Verster

i.o.v.Engelsman, Benade & Van der Walt

Nms.Verweerder: Adv. WH Van Staden
i.o.v Duncan & Rothman

Datum van verhoor: 2-09-2003

Datum van uitspraak: 21-05-2004